## Historiese Vraë uit die Heilige Skrif.

### LES 1.

1.—*Wat het God in die beginne geskape?*
Die hemel en die aarde.

2—*In hoeveel dae het God die skepping voltooi?*
In ses dae.

3—*Wat het God op die sewende dag gedoen?*
Hy het gerus.

4—*Hoe was die eerste mens se naam?*
Adam.

5—*Waarvan het God die mens gemaak?*
Van die stof van die aarde.

6—*Hoe is die mens tot 'n lewende siel geworde?*
God het die asem van die lewe in sy neus geblaas.

7—*Na wie se beeld is die mens gemaak?*
Na die beeld van God.

8—*Waarin bestaan die beeld van God?*
In kennis, geregtigheid en heiligheid.

9—*Waar het God die mens laat woon?*
In die hof van Eden, die Paradys.

10—*Wat moes die mens in die hof doen?*
Hy moes hom bebou en bewaar.

11—*Vir wie moes hy die hof bewaar?*
Vir die Satan.

## LES 2.

1—*Watter twee bome het in die mittel van die hof gestaan?*

Die boom van die lewe en die boom van die kennes van goed en kwaad.

2—*Watter gebod het God aan die mens gegee?*

Van al die bome mag hulle vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad mag hulle nie eet nie.

3—*Wat sou gebeure as hulle daarvan eet?*

Dan sal hulle die dood sterwe.

4—*Hoe was Adam se vrou se naam?*

Eva.

5—*Hoe het God die vrou geskape?*

Hy het haar van 'n rib van Adam gemaak.

6—*Hoe het Hy die rib van Adam geneem?*

God het Adam in 'n diep slaap laat val.

7—*Het Adam en Eva die gebod van God gehoor?*

Nee, hulle het ge-eet van die boom van die kennis van goed en kwaad.

8—*Wie het die mens verlei tot sonde?*

Die satan deur middel van die slang.

9—*Watter leuen het die slang vir Eva vertel?*

Julle sal nie die dood sterwe nie.

10—*Wat het Eva toe gedoen?*

Sy het van die vrug ge-eet en vir Adam ook gaan gee en hy het ge-eet.

LES 3.

1—*Wat word Adam en Eva geware toe hulle van die vrug ge-eet het?*

Dat hulle nakend was.

2—*Waarmee het hulle hulle toe bedek?*

Met vyeboomblare.

3—*Wat doen hulle toe hulle geware word dat die Here in die hof was?*

Hulle het gaan wegkruip in die bome.

4—*Wat was die straf van die mens?*

God het 'n vloek oor hulle uitgespreek.

5—*Watter belofte het die Here aan die gevalle mens gegee?*

Uit die vrou sal 'n Verlosser gebore word.

6—*Wie was die beloofde Verlosser?*

Onse Here Jesus Christus.

7—*Wie het die eerste klere vir die mens gemaak?*

Die Here God.

8—*Waarvan?*

Die Here het vir Adam en Eva rokke van velle gemaak.

9—*Wie was die twee seuns van Adam en Eva?*

Kain en Abel.

10—*Watter werk het hulle gedoen?*

Kain was 'n landbouer en Abel 'n skaapherder.

## LES 4.

1—*Waarom het Kain vir Abel doodgeslaan?*
Omdat hy nydig was op sy broer.

2—*Waarom was hy nydig op sy broer?*
Omdat die Here Abel se offer aangeneem het en syne nie.

3—*Waarom het die Here dan Abel se offer aangeneem en syne nie?*
Abel het deur die geloof geoffer en hy nie.

4—*Wat was Kain se straf?*
Hy is vervloek.

5—*Wie gee die Here vir Adam en Eva in die plaas van Abel?*
Vir Set.

6—*Hoe was die nakomelinge van Kain en Set?*
Die kinders van Kain was goddeloos en die van Set vroom.

7—*Wie was die ouste mens?*
Matusalag.

8—*Hoe oud het hy geworde?*
969 jaar.

9—*Waarom het God vir Henog weggeneem, opdat hy die dood nie sou sien nie?*
Omdat hy met God gewandel het.

10—*Wat het Henog as profeet gedoen?*
Hy het die goddelose mense bestraf en gewaarsku vir die oordeel wat kom.

## LES 5.

1—*Hoekom het die mense dan so goddeloos geworde?*

Hulle het gelewe na die bose begeertes van hulle harte.

2—*Wat het gebeur toe die kinders van Kain en Set ondermekaar trou?*

Toe het al die mense goddeloos geworde.

3—*Wat het God toe besluit oor die mense?*

Om hulle te verdelg van die aardbodem.

4—*Wie het genade gevind in die Here se oë?*

Noag.

5—*Wat was Noag?*

'n Prediker van die geregtigheid.

6—*Wat het die Here vir Noag gesê?*

Hy moet 'n ark bou.

7—*Waarom?*

Daar sal 'n groot watervloed kom om al wat lewe te verderf.

8—*Was daar diere ook in die ark?*

Ja, van die rein diere sewe en van die onrein diere twee van elke soort.

9—*Hoelank het die water die oorhand gehad?*

150 dae.

10—*Op wattetr berg het die ark gerus?*

op die berg Ararat.

## Les 6.

1—*Hoe was Noag se seuns se naam?*

Sem, Cham en Jafet.

2—*Watter verbond het God met Noag gemaak?*

Dat daar geen watervloed meer sal wees nie.

3—*Wat is die teken van die verbond?*

Die reenboog ni die wolke.

4—*Waar het God die mense se spraak verwar?*

By die toren van Babel.

5—*Waarom het hulle die toren van Babel gebou?*

Om 'n naam te maak en om nie oor die aarde te verstrooi nie.

6—*Met wie het God sy genade verbond gemaak?*

Met Abraham en sy saad.

7—*Na watter land moes Abraham trek?*

Na die land Kanaan.

8—*Hoe was Abraham se vrou se naam?*

Sara.

9—*Wat het God aan Abraham belowe?*

Hy sal die land Kanaan erflik besit.

10—*Wat het God gesê van Abraham se geslagte?*

Die sal soos die sterre aan die hemel in menigte wees.

## LES 7.

1—*Waarom word Abraham die vader van alle gelowige genoem?*

Omdat hy in God geloof het en dis hom gereken tot regvaardigheid.

2—*Waarom het God vir Abraham gesê: in u sal al die geslagte van die aardryk geseen worde?*

Omdat die Saligmaker uit hom sou gebore worde.

3—*Wie het met Abraham saam getrek?*

Sy neef Lot.

4—*Waarom het Abraham en Lot geskeie?*

Hulle herders het getwis.

5—*Waarheen het Lot toe gekies?*

Na die vrugbare vlakte van die Jordaan.

6—*Watter twee goddelose stede het daar gelê?*

Sodom en Gomorra.

7—*Hoe het die Here daardie twee stede omgekeer?*

Hy het op hulle vuur en swawel uit die hemel laat reen.

8—*Het Lot ook omgekom?*

Nee, die engele het hulle eers uitgelei.

9—*Wat het van Lot se vrou geworde, toe sy op die pad omkyk?*

Sy het 'n soutpilaar geworde.

10—*Hoe was Abraham en Sara se seun se naam?*

Isak.

## LES 8.

1—*Hoe het God Abraham beproewe?*

Hy het vir hom gesê: neem u enige seun Isak en gaan hom offer.

2—*Waar moes Abraham hom gaan offer?*

Op die berg Moria.

3—*Wat het Isak op die weg vir sy vader gevra?*

Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam?

4—*Wat sê Abraham toe vir hom?*

God sal vir Homself 'n lam voorsien vir die brandoffer.

5—*Wat het gebeure toe Abraham die mes vat om vir Isak te slag?*

Die Engel van die Here roep van die hemel: Abraham, Abraham!

6—*Wat sien Abraham toe hy omkyk?*

'n Ram met sy horings in die struike vas.

7—*Wat het hy toe met die ram gedoen?*

Hy het hom geoffer inplaas van Isak.

8—*Waarheen het Abraham sy kneg gestuur om vir Isak 'n vrou te haal?*

Na sy maagskap in Haran.

9—*Vir wie het hy toe gebring?*

Vir Rebekka.

10—*Waar is Abraham en Sara begrawe?*

In die spelonk van Magpela.

## LES 9.

1—*Hoe was Isak se twe seuns se name?*

Esou en Jakob.

2—*Hoe het Esou die eersgeboortereg verag?*

Hy het dit verkoop aan Jakob.

3—*Hoe het Jakob die seen verkry van sy vader?*

Hy het sy vader Isak bedrieg.

4—*Wat was toe die gevolg?*

Jakob moes vlug vir sy broer Esou.

5—*Waarheen het hy gevlug?*

Na sy oom Laban in Haran.

6—*Wat het Jakob in 'n droom te Bet-El gesien?*

'n Leer van die hemel na die aarde en die engele klim daarop op en af.

9—*Wat het die Here daar vir Jakob belowe?*

Hy sal hom die land gee waarop hy le en slaap en Hy sal Jakob behoed waar hy gaan.

8—*Hoe het dit met Jakob in Haran gegaan?*

Die Here het hom geseen.

9—*Wie was sy vrouens?*

Lea en Ragel.

10—*Noem die name van sy twaalf seuns?*

Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon, Dan, Naftali, Gad, Aser, Josef en Benjamin.

## Les 10.

1—*Wat beteken die naam Israel?*
Worstelaar met God.

2—*Waarom het Josef se broers hom gehaat?*
Omdat sy vader hom bo almal lief had.

3—*Waarom nog?*
Om sy drome en omdat hy hulle kwaad aan sy vader vertel.

4—*Wat het Jakob eendag vir Josef gesê?*
Hy moet gaan kyk hoe dit met sy broers en die vee gaan.

5—*Wat het hulle toe met hom gedoen?*
Hulle het hom aan die Ismaeliete verkoop.

6—*Wat het hulle gedoen om hulle vader te laat dink 'n wilde dier het vir Josef verskeur?*
Hulle het sy veelverwige rok in bloed gedoop.

7—*Waarheen is die Ismaeliete met Josef?*
Hulle het hom in Egipte aan Potifar gaan verkoop.

8—*Waarom is hy in die gevangenis gesit?*
Potifar se vrou het hom vals beskuldig.

9—*Wie het by Josef in die gevangenis gekom?*
Die Skinker en die Bakker.

10—*Hoe kom hy weer uit die gevangenis?*
Hy het Farao se drome uitgele.

11—*Hoe het hy die drome verklaar?*
Daar sal sewe volop en sewe skaars jare wees.

## Les 11.

1—*Hoe het Farao vir Josef verhoog?*

Hy het hom oor alles in Egipte gestel.

2—*Het Josef se broers hom nog geken, toe hulle in Egipte kom koring koop?*

Nee, maar hy het hulle geken.

3—*Wanneer het Josef hom aan hulle bekend gemaak?*

Toe hulle vir die twedemaal kom koring koop.

4—*Wat het Josef toe gedoen?*

Hy het sy vader met sy huis na Egipte laat kom.

5—*Hoe het dit met die Israeliete in Egipte gegaan?*

Hulle was geseen en het baie vermenigvuldig.

6—*Hoe het dit na die dood van Josef met hulle gegaan?*

Hulle is verdruk en moes swaar werk.

7—*Het die harde arbeid gehelp?*

Nee, die Israeliete het toe nog meer vermenigvuldig.

8—*Watter bevel het Farao toe gegee?*

Al die seuntjies wat gebore word moes in die Nyl gegooi word.

9—*Wie is toe gebore?*

Moses.

10—*Wat beteken die naam Moses?*

Uit die water gehaal.

## Les 12.

1—*Waarin het Moses se moeder hom in die water gesit?*

In 'n kissie van biesinkies gevleg en met pik dig gemaak.

2—*Hoekom het sy hom dan in die water gesit?*

Omdat sy hom nie langer in die huis kon verberg nie.

3—*Wie het vir Moses toe uit die water gehaal?*

Die koning Farao se dogter.

4—*Wat het Moses gedoen toe hy 40 jaar was?*

Hy het 'n Egiptenaar doodgeslaan.

5—*Waarheen het Moses toe gevlug?*

Na die land Midian.

6—*Wat het hy daar gedoen?*

Hy het die vee van Jetro opgepas.

7—*Hoe het die Here na 40 jaar aan hom verskyn?*

In 'n brandende braambos.

8—*Waarheen stuur die Here hom toe?*

Na Egipte om die Israeliete te gaan verlos.

9—*Vir wie sou hy op die weg ontmoet?*

Sy broer Aaron.

10—*Was Farao gewillig om die volk te laat trek?*

Nee, hy het geweier.

## LES 13.

1—*Hoe het die Here Israel toe verlos?*

Hy het 10 groot plae oor Egipte gestuur.

2—*Noem die* 10 *plage?*

1. Water in bloed verander.
2. Kikvorse oor die ganse land.
3. Stof word luise.
4. Alle soorte ongedierte.
5. Pes oor die vee.
6. Bose swere aan mense en beeste.
7. Hael en vuur.
8. Sprinkane.
9. Duisternis drie dae lank.
10. Al die eersgeborene sterf.

3—*Wat het die Here ingestel tot gedagtenis van die verlossing uit Egipte?*

Die Paska.

4—*Hoe het die Israeliete deur die Rooi see gekom?*

Die water het aan twee gekloë.

5—*Wat het van Farao geworde wat hulle agterna gejae het?*

Die Egiptenare het ook in die see gegaan, maar hulle het versuip.

## Les 14.

1—*Wat het die Israeliete in die woestyn geeet?*

Manna uit die hemel.

2—*Waar het hulle water gekry?*

Uit die steenrots.

3—*Op watter berg het God die wet gegee?*

Op die berg Sinai.

4—*Wat moes Moses in die woestyn oprig?*

Die tabernakel.

5—*Wie was hoëpriester?*

Aaron.

6—*Wat moes hy doen?*

Hy moes offer vir die sonde van die volk.

7—*Hoelank het die Israeliete in die woestyn geswerwe?*

40 jaar.

8—*Waarom so lank?*

Omdat hulle ongehoorsaam en ongelowig was.

9—*Wie was die ergste oproermakers?*

Korag, Datan en Abiram.

10—*Hoe is hulle gestraf?*

Die aarde het sy mond geopen en hulle is lewendig nā die hel gevaar.

## Les 15.

1—*Wat moes Moses maak toe die vurige slange die mense byt?*

'n Koper slang.

2—*Op watter berg is Moses dood?*

Op die berg Nebo.

3—*Wie was sy opvolger?*

Josua.

4—*Hoe het die Ieraeliete deur die Jordaan gegaan?*

Droogvoets.

5—*Hoe het hulle die stad Jerigo ingeneem?*

Die Here het die mure van die stad laat omval.

6—*Waarom is Ragab gespaar?*

Omdat sy die verspieders weggesteek het.

7—*Hoe is Agan gestraf om sy diefstal?*

Hy is doodgestenig en verbrand.

8—*Watter wonder het daar geskiede op Josua se gebed?*

Son en maan het stilgestaan.

9—*Hoe het die Here die Israeliete gestraf omdat hulle die gode van die ander volke dien?*

Hy het hulle in die hand van hulle vyande gegee.

10—*Het die Here hulle ook weer verlos?*

Ja, as hulle hulle bekeer.

## Les 16.

1—*Deur wie het die Here Sy volk verlos?*

Deur rigters.

2—*Wat het Gideon gedoen?*

Hy het met 300 man die Midianiete verslaan.

3—*Wie was die sterkste man?*

Simson.

4—*Wat het Simson gedoen?*

Hy het 1000 Filistyne met 'n esel se kakebeen doodgeslaan.

5—*Wat was sy laaste daad?*

Hy het die pilare van die huis omgetrek.

6—*Hoeveel Filistyne was daarin?*

Omtrent 3000 mans en vrouens.

7—*Waarom het die Here Eli se seuns gedood?*

Hulle was baie goddeloos en hulle vader het hulle nie bestraf nie.

8—*Wie was na Eli rigter?*

Samuel.

9—*Wie was die eerste koning oor Israel?*

Saul.

10—*Waarom het die Here Saul verwerp?*

Omdat hy ongehoorsaam was.

## Les 17.

1—*Wie het die Here laat salf vir koning in die plaas van Saul?*

Vir Dawid.

2—*Wat het Dawid gedoen toe hy nog skaapherder was?*

Hy het 'n leeu en 'n beer doodgemaak.

3—*Waarom het die vrouens gesing: Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende?*

Omdat Dawid die reus Goliat gedood het.

4—*Wat het Saul toe gedoen?*

Hy het vir Dawid vervolg.

5—*Watter seun van Dawid het teun hom opgestaan?*

Absalom.

6—*Wat het Dawid vir die kerk gemaak om te sing?*

Die Psalms.

7—*Wat het Salomo van die Here begeer?*

Wysheid en verstand.

8—*Wat het Salomo gebou?*

'n Kostelike tempel.

9—*Wat het Salomo opgestel?*

Wyse spreuke.

10—*Waarom is die koninkryk na sy dood in twee geskeur?*

Omdat hy die afgode van sy vrouens gedien het.

## Les 18.

1—*In Watter twee ryke is die koninkryk na Salomo se dood verdeel?*
Juda en Israel.

2—*Wat was die verskil tussen die twee ryke?*
Juda se konings was meesal vroom en die van Israel goddeloos.

3—*Wat het die goddelose koning Agab en sy vrou Isebel gedoen?*
Hulle het die profete van die Here gedood en die baaldiens ingevoer.

4—*Watter profeet het teen Agab opgetree?*
Die profeet Elia.

5—*Wat het die profeet Elia gedoen?*
Hy het gebid dat dit nie moes reen nie in 3 jaar en 6 maande.

6—*Waar het Elia toe gebly?*
Aan die beek Krit.

7—*Waar het hy daar kos gekry?*
Die rawe het vir hom smoors en saans brood en vlys gebring.

8—*Wat het Elia met die profete van baal gedoen?*
Hy het hulle by die berg Karmel gedood.

9—*Watter verskrikkelike sonde het Agab en Isebel nog gedoen?*
Hulle het vir Nabot om sy wyngaard laat doodmaak.

10—*Wat het Elia toe vir Agab gaan aansê?*
Die honde sal sy bloed lek en vir Isebel opeet.

## LES 19.

1—*Hoe het Elia na die hemel opgevaar?*

Met 'n vurige wa en vurige pêre.

2—*Wat het die kinders van Bet-el gedoen?*

Hulle het vir Elisa gespot en gesê: Kaalkop, gaan op! o Kaalkop, gaan op!

3—*Hoe is hulle gestraf?*

Daar het twee bere uit die bos gekom en het 42 van hulle verskeur.

4—*Wie het die koninkryk van Juda gevankelik weggevoer?*

Nebukadnesar, koning van Babel.

5—*Wat het hy laat maak om aan te bidde?*

'n Beeld.

6—*Wie wou die beeld nie aanbidde nie?*

Drie jongelinge.

7—*Wat het hy toe met die drie jongelinge laat doen?*

Hy het hulle in 'n vurige oond laat gooi.

8—*Het hulle toe verbrand?*

Nee, die engel van die Here het hulle beskerm.

9—*Waarom is Daniel in die leeuekuil gegooi?*

Omdat hy elke dag driemaal God aanbid het.

10—*Het die leeue hom toe verskeur?*

Nee, God het die leeue se muil toegesluit.

## Les 20.

1—*Wat het God vir Jona gesê?*

Gaan na Nineve en preek teen hom.

2—*Was Jona gehoorsaam?*

Nee, hy wou oor die see vlug.

3—*Wat het op die see gebeure?*

Daar het 'n groot storm gekom.

4—*Wat het die seeliede toe gedoen?*

Hulle het vir Jona in die see gegooi.

5—*Het die see toe stil geworde?*

Ja.

6—*Het Jona versuip?*

Nee. God het 'n groot vis beskik en die het hom ingesluk.

7—*Hoeveel dae was hy in die vis se ingewand?*

Drie dae.

8—*Wat het Jona gedoen toe die vis hom uitspoe op die droë?*

Hy het teen Nineve gaan preek.

9—*Wat het hy gepreek?*

Na 40 dae sal die stad vergaan.

10—*Is Nineve toe vergaan?*

Nee, hy is nie vergaan nie, die mense het hulle bekeer.

## Les 21.

1—*Hoelank was die jode in die ballingskap?*
70 jaar.

2—*Wie het aan hulle vryheid verleen?*
Kores, die koning van Persië.

3—*Wie was die vernaamste aanvoerders by die herbou van die tempel en die mure van Jerusalem?*
Esra en Nehemia.

4—*Wie het probeer om die bou van die tempel te verhinder?*
Die Samaritane.

5—*Watter profete het die volk aangemoedig om te bou?*
Haggaï en Sagaria.

6—*Vir wie het Haman 'n galg gebou?*
Vir Mordegai.

7—*Hoekom?*
Hy wou Mordegaï ophang en al die jode uitroei.

8—*Het sy plan hom geluk?*
Nee, die koning het hom verneder voor Mordegai.

9—*Wie het by die koning Ahasveros gaan pleit vir die jode?*
Die koningin Ester.

10—*Hoe het dit met Haman afgeloop?*
Hy is aan sy eie galg opgehang.

## LES 22.

1—*Waar is die Here Jesus gebore?*
In Betlehem.

2—*Waarom word hy genoem Jesus?*
Omdat Hy sy volk salig maak van hulle sonde.

3—*Wie was Sy moeder?*
Die maagd Maria.

4—*Waarin is Hy gebore?*
In 'n stal.

5—*Hoekom?*
Daar was geen plek vir Josef en Maria in die herberg nie.

6—*Wie het eerste die boodskap van Sy geboorte ontvang?*
Die herders in die velde van Betlehem.

7—*Wie het die boodskap vir hulle gebring?*
'n Engel uit die hemel.

8—*Wat het hulle in die lug gesien toe die engel weg was?*
'n Menigte van engele.

9—*Wat het hulle gesing?*
Ere sy God in die hoogste hemele, vrede op aarde, in die mense 'n welbehaë.

10—*Wat het die herders toe vir mekaar gesê?*
Laat ons gaan na Betlehem en sien wat gebeure het.

11—*Wat het hulle toe daarso gekry?*
Die Kindeke in die krip en Maria en Josef.

## LES 23.

1—*Hoe wis die wyse uit die ooste van die gebore koning?*
Hulle het Sy ster gesien.

2—*Wat het hulle vir die koning Herodes gaan vra?*
Waar is die gebore koning van die jodè?

3—*Vir wie vra Herodes toe waar die Christus sou gebore worde?*
Vir die skrifgeleerde.

4—*Hoe het hulle vir hom gesê?*
In Betlehem, wat in Judea lê.

5—*Wat het Herodes toe in die geheim vir die wyse gesê?*
Hulle moet gaan en naarstig ondersoek doen na die kind.

6—*En wat moes hulle dan doen?*
Vir hom ook kom vertel.

7—*Was sy plan om die Here te gaan aanbidde?*
Nee, dit was 'n lis, hy wou die Here doodmaak.

8—*Het die wyse toe by Herodes langs teruggekom?*
Nee, hulle is in 'n droom gewaarsku.

9—*Toe Herodes sien dat hy van die wyse bedroë was, wat doen hy toe?*
Hy laat al die kinders onder twee jaar in Betlehem ombring.

10—*Hoe het die Here Jesus ontkom?*
'n Engel het vir Josef gesê om met die kindeke en sy moeder te vlug na Egipte.

## Les 24.

1—*Waar is die Here Jesus opgevoed?*
In Nasaret.

2—*Wat weet ons van Jesus as kind?*
Hy was onderdanig vir sy ouers.

3—*Wie was die wegbereider van die Here Jesus?*
Johannes die doper.

4—*Wat het hy gedoen?*
Hy het in die woestyn gepreek en gedoop.

5—*Wat het hy gepreek?*
Bekeer u, want die koninkryk van die hemele is naby gekom.

6—*Vir wie het hy ook gedoop?*
Vir die Here Jesus.

7—*Wat het daar gebeure?*
Die Heilige Gees het op Jesus neergedaal in die gedaante van 'n duif.

8—*Wat het die stem uit die hemel gesê?*
Hierdie is My geliefde Soon in Wie Ik My welbehae het.

9—*Waar is die Here Jesus heen na sy doop?*
Hy is van die Gees weggelei in die woestyn.

10—*Wie het daar gekom om Hom te verseek?*
Die duiwel.

LES 25.

1—*Wat het die dogtertjie van Herodes op haar vader se verjaardag gedoen?*

Sy het gedans en dit het vir Herodes behaag.

2—*Wat beloof Herodes haar toe onder sy eed?*

Wat sy eis dit sal hy haar gee.

3—*Wat raai haar moeder Herodias haar om te eis?*

Die hoof van Johannes op 'n skottel.

4—*Wat het Herodes toe gedoen?*

Hy het Johannes laat onthoof.

5—*Waarom het Herodes vir Johannes dan in die gevangenis laat sit?*

Johannes het hom bestraf oor sy sonde.

6—*Hoe oud was die Here Jesus toe Hy beginne te preek?*

Dertig jaar.

7—*Hoeveel apostels had Hy?*

Twaalf.

8—*Watter wondere het Hy gedoen?*

Hy het die siekes gesond gemaak, die wat dood was opgewek, en die duiwels uitgewerp.

9—*Wat het Hy nog meer gedoen?*

Hy het die mense geleer.

10—*Wat het Hy van die kinders gese?*

Laat die kinderkens na My toe kom, want vir diesulke is die koninkryk van God.

## Les 26.

1—*Hoe het die Here Jesus gesê, wat moet ons eers soek?*
Die koninkryk van God en sy geregtigheid.

2—*Wat het Hy gesê van die weg na die verderf?*
Die poort is wyd en die weg is breed, wat na die verderf toe lei.

3—*Wat het Hy gesê van die weg na die lewe?*
Die poort is eng en die weg is nou, wat na die lewe toe lei.

4—*Wat sê die Here Jesus vir ons?*
Hy het vir ons lief gehad.

5—*Hoe bly ons in sy liefde?*
As ons sy gebod bewaar.

6—*Wat is Sy gebod?*
Ons moet mekaar liefhê.

7—*Waartoe het die Here gekom?*
Om te soek en salig te maak wat verlore was.

8—*Wat het Jesus voorspel?*
Sy dood en opstanding en wederkoms.

9—*Wat sal gebeure as Hy weer kom op die wolke met die oordeelsdag?*
Dan sal ons almal voor Sy regterstoel kom om geoordeel te worde.

10—*Hoe sal die oordeel wees?*
Die goddelose sal na die verdoemenis gaan en die vrome na die geluksaligheid.

## Les 27.

1—*Wie het die Here Jesus verraai.*

Judas Iskariot.

2—*Waar is die Here gevange geneem?*

In die hof van Getsemane.

3—*Wat het Hy vir Sy disiepels gesê toe hulle in die hof kom?*

My siel is geheel bedroef tot die dood toe.

4—*Wat het Hy in die hof gedoen?*

Hy het gebidde.

5—*Hoe het sy sweet geworde in Sy zware sielestryd?*

Soos druppels bloed wat op die aarde val.

6—*Waarmee het Judas die Here verraai?*

Met 'n kus.

7—*Wat het Petrus gedoen?*

Hy het die Here verloën.

8—*Voor wie het die Here tereggestaan?*

Eers voor die Joodse raad en toe voor Pontius Pilatus.

9—*Wat het die Jode gedoen?*

Hulle het die Here Jesus in die gesig geslaan en bespot.

11—*Wat het die krygsknegte gedoen?*

Hulle het vir Hom 'n kroon van dorings gevleg en opgesit.

## Les 28.

1—*Wat het die jode geroep toe Pilatus die Here wou loslaat?*

Kruis Hom, kruis Hom!

2—*Wat het die Here gesê toe hulle Hom aan die kruis nael?*

Vader, vergeef hulle dit, want hulle weet nie wat hulle doen nie.

3—*Waar is die Here Jesus gekruisig?*

Op die heuwel van Golgota.

4—*Wie is met Hom saam gekruisig?*

Twee moordenaars.

5—*Wat het die Here aan die kruis geroep?*

My God, My God! waarom het U my verlate?

6—*Wie het die Here Jesus begrawe?*

Josef van Arimatea.

7—*Wat het op die derde dag gebeure?*

Toe het die Here uit die dood uit opgestaan.

8—*Hoelank het Hy toe nog op aarde gebly en Homself vertoon aan vele mense?*

Veertig dae.

9—*Hoe het Hy opgevaar na die hemel?*

'n Wolk het Hom voor die oë van Sy disiepels weggeneem.

10—*Wat is tien dae na die hemelvaart gebeure?*

Toe is die Heilige Gees uitgestort.

## Les 29.

1—*Hoeveel mense het op die Pingsterdag tot bekering gekom?*

Omtrent 3000 siele.

2—*Hoe het dit met die gemeente in Jerusalem gegaan?*

Hy het uitgebrei onder vervolging.

3—*Wie was een van die hardste vervolgers?*

Saulus wat genoem word Paulus.

4—*Wie was die eerste martelaar?*

Die diaken Stefanus.

5—*Wat het met Saulus op die weg van Damaskus gebeure?*

'n Lig het hom snellik omskyn.

6—*Wat sê 'n stem vir hom toe hy op die aarde val?*

Saul, Saul! wat vervolg u My?

7—*Wat vra Saulus toe?*

Wie is U, Here?

8—*Wat antwoord die Here hom?*

Ek is Jesus wat u vervolg.

9—*Wat vra Saulus toe weer?*

Here! wat wil U dat ek doen sal?

10—*Aan wie het die apostel Paulus die evangelie gaan verkondig?*

Aan die heidene.

## LES 30.

1—*Het die gemeente by Jerusalem gebly?*

Nee, hy is deur die verdrukking verstrooi.

2—*Wat was die gevolg daarvan?*

Dat die evangelie orals verkondig is.

3—*Waar het Paulus die evangelie gaan verkondig?*

Eers in Klein Asie.

4—*Watter gesig het hy by Troas gesien?*

'n Masedoniese man het vir hom gesê: kom oor en help ons!

5—*Wat het Paulus gedoen orals waar hy kom?*

Hy het gemeentes gestig.

6—*Wat het hy aan die gemeentes geskrywe?*

Sondbriewe.

7—*Wat sê die apostel Paulus vir die kinders?*

Wees julle ouers gehoorsaam.

8—*Waarheen het keiser Nero die apostel Johannes verban?*

Na die eiland Patmos.

9—*Wat het Johannes daar ontvang?*

Die Openbaringe.

10—*Wat sê Johannes van God?*

God is liefde.

## Vrae oor die Christelike leer.

### Les 31.

1—*Wat is u enige troos in lewe en sterwe?*

Dat ek my Here Jesus Christus se eiendom is.

2—*Van watter drie stukke moet ons kennis hê om in hierdie troos te lewe en te sterwe?*

Van ons ellende, verlossing en dankbaarheid.

3—*Waaruit ken ons onse ellende?*

Uit die wet van God.

4—*Wat eis die wet van God van u?*

Ek moet God liefhê bo alles en my naaste as myself.

5—*Kan u die wet van God volbring?*

Nee, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.

6—*Waar kom hierdie verdorwendheid vandaan?*

Van die val en ongehoorsaamheid van Adam en Eva.

7—*Wat het hulle dan gedoen?*

Hulle het van die verbooie boom geeet.

## Les 32.

1—*Kan ons deur goeie werke betaal vir onse sonde?*

Nee, ons maak die skuld nog daeliks meer.

2—*Hoe word ons dan alleen salig?*

Deur onse Middelaar, onse Here Jesus Christus.

3—*Word al die mense weer salig deur hierdie Middelaar?*

Nee, net die wat Hom aanneem deur 'n opreg geloof.

4—*Hoeveel gelowe is daar?*

Vier: Die wondergeloof, die historiese geloof, die tydgeloof, en die opregte of saligmakende geloof.

5—*Uit watter twee dele bestaan die opregte of saligmakende geloof?*

Uit 'n sekere kennis en 'n hartelike vertroue.

6—*Waarvan moet ons 'n sekere kennis he?*

Van God en van Sy beloftes.

7—*Wat is die vertroue van die saligmakende geloof?*

Dat my al my sonde om Christus wille vergewe is.

## Les 33.

1—*Wat is die hoofdsom van ons geloof?*
Die twaalf artiekels.

2—*Hoe lui die artiekels van ons geloof?*
1. Ek geloof in God, die Vader, die Almagtige, Skepper van die hemel en die aarde;
2. En in Jesus Christus, Sy eniggebore Soon, onse Here,
3. Wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria·
4. Wat gely het onder Pontius Pilatus, is gekruisig, gestorwe, en begrawe, neergedaal ter helle,
5. Die derde dag weer opgestaan uit die dode;
6. Opgevaar na die hemel, en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader;
7. Vanwaar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode;
8. Ek geloof in die Heilige Gees;
9. Ek geloof 'n heilige, algemene, kristelike kerk, die gemeenskap van die heilige;
10. Vergewing van die sondes;
11. Wederopstanding van die vlees;
12. En 'n ewige lewe.

3—*Wat geloof ons van God die Vader, wat die hemel en die aarde geskape het en onderhou deur Sy Voorsienigheid?*
Dat Hy om Christus wille onse Vader is.

4—*Wat geloof ons van God die Soon?*
Hy is onse Saligmaker en Verlosser.

5—*Wat geloof ons van God die Heilige Gees?*
Hy wederbaar en maak ons heilig.

## Les 34.

1—*Wie werk die geloof in ons?*

Die Heilige Gees.

2—*Waardeur?*

Deur die gepredikte Woord.

3—*Hoe word die geloof versterk?*

Deur die Woord en die Sakramente.

4—*Wat is Sakramente?*

Tekens en seels van God se genade.

5—*Hoeveel Sakramente het Christus ingestel?*

Twee, die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal.

6—*Wat beteken en verseel die water in die Doop?*

Die afwassing van onse sonde deur die bloed van Christus.

7—*Wat beteken en verseel die brood en wyn in die Nagmaal?*

Die ligaam en bloed van Christus.

## Les 35.

1—*Vir wie is die Nagmaal ingestel?*

Vir die gelowige mense.

2—*Wie moet van die Nagmaal afgehou worde?*

Ongelowige en onbekeerde mense.

3—*Waarin bestaan die bekering?*

In die afsterwing van die oue mens en die opstanding van die nuwe mens.

4—*Wat is die afsterwing van die oue mens?*

Berou oor die sonde en afkeer daarvan.

5—*Wat is die opstanding van die nuwe mens?*

Vreugde in God en lus om goed te doen.

6—*Wat is goeie werke?*

Die wat gedoen word uit 'n ware geloof, na die wet van God, en tot Sy ere.

7—*Uit hoeveel gebooie bestaan die wet van God?*

Uit tien gebooie verdeel in twee tafels.

## Les 36.

1—*Hoe lui die inleiding van die wet?*

Ek is die Here, U God, wat U uit Egipteland, uit die dienshuis uitgelei het.

2—*Sê op die eerste gebod?*

U sal geen ander gode voor My aangesig hê nie.

3—*Wat verbied God in die eerste gebod?*

Alle afgodery, toordery en waarsêery.

4—*Wat word in hierdie gebod gebied?*

Ek moet God reg leer ken en eer.

5—*Wat meer?*

Ek moet God liefhê en op Hom alleen vertrou.

6—*Mag ons iets anders hê, waarop ons vertrou of wat ons meer liefhet as God?*

Nee, want dit is afgodery.

## Les 37.

1—*Se op die twede gebod?*

U sal geen gesnede beeld, nog enige gelykenis maak, van wat bo in die hemel is, nog van wat onder op die aarde is, nog van wat in die water onder die aarde is, U sal U voor die nie buig, nog hulle dien nie; want Ek, die Here U God, is 'n ywerige God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van diegene wat My haat; en doen barmhartigheid aan duisende van diegene wat My liefhet en My gebooie onderhou.

2—*Wat word in hierdie gebod verbied?*

Alle dwaalleer en valse godsdiens.

3—*Waarin bestaan die valse godsdiens?*

In menselike insittings.

4—*Wat is die ware godsdiens?*

Die godsdiens wat die Woord van God ons leer.

## Les 38.

1—*Hoe lui die derde gebod?*

U sal die Naam van die Here, U God, nie ydelik gebruik nie, want die Here sal die nie onskuldig hou, wat Sy Naam ydelik gebruik nie.

2—*Wat word u hier verbooie?*

Ek moenie vloek, vals of onnodig sweer nie.

3—*Hoe moet ons die Naam van die Here gebruik?*

Met ontsag en groot eerbied.

4—*Wat gebied God in hierdie gebod?*

Ons moet Sy Naam bely en prys.

5—*Waarmee?*

Met onse woorde en werke.

## Les 39.

1—*Se op die vierde gebod!*

Gedink die Sabbatdag, dat U dit heilig. Ses dae sal U arbei en al U werk doen, maar die sewende dag is die Sabbat van die Here, U God. Dan sal u geen werk doen nie. U, nog U soon, nog U dogter, nog U dienskneg, nog U diensmaagd, nog U vee, nog U vreemdeling, wat in U poorte is. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en al wat daarin is, en Hy het op die sewende dag gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseen en dit geheilig.

2—*Wat moet U op die Sabbat doen?*

Ek moet na die kerk en katekisasie toe gaan.

3—*Wat eis die vierde gebod meer van U?*

Ek moet rus van my arbeid en die Gees van God in my laat werk.

## Les 40.

1—*Sê op die vyfde gebod!*

Eer U vader en U moeder, dat U dae verling word in die land, wat U die Here U God gee.

2—*Wie moet U eer, liefhe en getrouheid bewys volgens hierdie gebod?*

My ouers en almal wat God oor my gestel het.

3—*Wat is die sesde gebod?*

U sal nie doodslaan nie.

4—*Wat verbied die sesde gebod?*

Ek mag my naaste nie kwes of dood met woord of daad.

5—*Wat vorder hierdie gebod van u?*

Ek moet alle haat en nyd aflê en my naaste liefhê.

6—*Hoe lui die sewende gebod?*

U sal nie egbreek nie.

7—*Wat leer die sewende gebod u?*

God haat alle onkuise gedagtes, woorde, gebare en dade.

## LES 41.

1—*Wat is die agtste gebod?*

U sal nie steel nie.

2—*Mag u steel, roof, bedrieg, skelm of oneerlik wees.*

Nee.

3—*Wat gebied God ons in die agtste gebod?*

Ek moet vlytig werk, die arme help en my naaste se voordeel soek.

4—*Wat is die neende gebod?*

U sal geen valse getuienis spreek teen U naaste nie.

5—*Wie is die leunaar se vader?*

Die satan.

6—*Hoe lui die tiende gebod?*

U sal nie begeer U naaste se huis nie; U sal nie begeer U naaste se vrou nie, nog sy dienskneg, nog sy diensmaagd, nog sy os, nog sy esel, nog iets wat van U naaste is.

7—*Wat eis die tiende gebod?*

Dat ek 'n dood vyand moet wees van alle sonde teen die wet van God.

## Les 42.

1—*Kan die gelowige die wet van God hou?*

Nee.

2—*Wat doen hulle om daeliks in die onderhouding daarvan toe te neem?*

Hulle trag om die ganse wet te onderhou en bid God daarom.

3—*Wat is die vernaamste stuk van onse dankbaarheid, wat God van ons vorder?*

Die gebed.

4—*Aan wie alleen wil God sy genade en die Heilige Gees skink?*

Aan die wat sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

5—*Wie moet ons alleen aanbidde?*

God.

6—*In wie se naam?*

In die naam van onse Here Jesus Christus.

9—*Waarom moet ons bidde?*

Om alle ligamelike en geestelike nooddruf.

8—*Wat het God ons belowe?*

Dat Hy ons gebed om Christus wille sal verhoor.

## Les 43.

1—*Hoe lui die gebed, wat die Here ons geleer het?*

Onse Vader wat in die hemele is;

Laat U Naam geheilig word;

Laat U koninkryk kom;

Laat U wil geskied, gelyk in die hemel, so ook op die aarde;

Gee ons heden ons daeliks brood;

En vergeef ons onse skuld, soos ons ook vergewe onse skuldenaars;

Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose;

Want Uwe is die koninkryk, en die krag, en die heerlikheid in der ewigheid; Amen.

2—*Wat leer die apostel Paulus ons?*

Volhard in die gebed.

3—*Wat sê die apostel Jakobus?*

Bid vir mekaar.

4—*Wat leer die Here Jesus ons?*

Waak en bid.

## MOREGEBED.

O barmhartige Vader, ek dank U, dat U my so getrou bewaar het in die nag en dat ek die lig van 'n ander dag weer mag aanskou. Leer my in hierdie dag deur U Gees om goed te doen, en in U wee te wandel. Maak my vlytig en gehoorsaam. Weer van my ramp en ellende. Gedink aan wie in moeite en smart sug en roep. Seen U koninkryk, en verbreek alle werke en aanslae van satan.

Vergeef my al my sonde, o genadige Vader, en verhoor my om Jesus wille, Amen.

---

## AANDGEBED.

O barmhartige en lankmoedige God, hoe groot is U nooit genoeg geprese goedheid, dat U my 'n ander dag gespaar het. Neem my in hierdie donkere nag onder U genadige beskerming, opdat geen angs of verskrikking my vervaar, en ek ook nie in die dood ontslaap nie. Gee my 'n verkwikkende rus en wek my weer in gesondheid op. Ontferm U oor wie in krankheid, in nood en dood is. Seen U kerk op aarde.

O God, ek bely van harte al my vuile sonde, was en reinig my in Jesus bloed, en neem my gebed aan om Christus wille. Amen.

---

## KINDERBEDE.

O Vader, Hoogste Majesteit,
Wat woon in eew'ge heerlikheid!
Ek roep, in Jesus' dierbaar naam,
U as my Vader ned'rig aan.
Wie is aan U gelyk in mag,
In moëndheid, in roem en krag!
Beskerm U kind, wil my bewaar,
Na siel en liggaam, vir gevaar;
Og, was en reinig my gemoed,
Van sonde vuil, in Jesus' bloed.
U doring-kroon en lyde was,
O Heiland, vir my skulde-las!
Ek is bedorwe van natuur,
Ek is geneig tot kwaad elk' uur.
Verlok my sonde, lok my kwaad,
Begeer my hart die bose daad,
Verlos my dan barmhartig Heer;
Laat my wat heilig is begeer,
Dat ek met al my kragte stry,
As my die bose wil verly.
Maak my van harte vroom en goed,
Gehoorsaam, onderdanig, soet,
Eerbiedig, vlytig, ned'rig, stil,
Dat ek mag doen U heil'ge wil;
En kom die dood my gou hier haal,
Laat my geloof dan segepraal,
Dat ek in Jesus salig sterf,
Die eew'ge hemelvreugde erf.
Gedenk aan wie in smart en pyn,
In angs en nood en droefheid kwyn.
Beskerm die ganse kristendom,
Beskerm en seën U kerk alom.
O Vader, laat U liefde blyk;
O Soon maak my U beeld gelyk;
O Gees skink lig en troos aan my,
U sy, Drieënig God, U sy:
Die lof, die eer, die heerlikheid,
En sterkte tot in eewigheid!

Amen.